Die getuie weet dat hulle luister na sy antwoorde? -- Dit is korrek.

En hy weet dit is nodig om hulle tevrede te stel anders gaan hy terug na die aanhouding? -- Ek dink ek moet net hierso noem. Gewoonlik - ek het nou hier gesê ja, direk van aanhouding, maar gewoonlik as hy as 'n getuie geroep gaan word, word hy oorgeplaas na artikel 31. (10)

Maar hy sien niemand nie? -- Nee, hy sien niemand nie. Hy word aangehou as 'n getuie.

Hy is onder volle beheer van die polisie? -- Dit is reg.

En hy gaan terug na die polisie? -- Dit is korrek.

En hy besef dit? -- Dit is korrek.

Dit is net die polisie wat na hom luister, die publiek luister nie na hom nie? -- Dit is korrek.

U sê dit is nodig dat die naam van die getuie nie geopenbaar word nie? -- Die naam en enigiets wat sy identiteit kan openbaar. (20)

Anders, sou u saamstem, behoort dit in die ope hof te wees? Of sê u dit is wenslik dat alle sake in die privaat plaasvind? -- Dit is moeilik om 'n skeidslyn te trek daarso van wat sal nie sy identiteit openbaar nie. As ek net 'n voorbeeld mag noem, met u toestemming. Indien 'n man op 'n spesifieke tydstip in 'n spesifieke kamp was en 'n spesifieke posisie beklee het, as hy daardie getuienis in 'n ope hof gee, gaan dit, as daar iemand anders is wat daardie inligting oordra byvoorbeeld aan die pers, kan sy identifikasie soveel makliker gemaak word. Daar is net sekere persone wat sekere poste beklee het op (30) sekere datums.

... / Ek

Ek dink in een van hierdie dokumente was melding gemaak van twee name van persone wat dood is. Ek dink dit is IC3. -- Ek het hom hierso. Hulle noem eintlik vier name daarso.

Hulle praat van Abel Mthembu. U het reeds daaroor getuig. Die tweede naam waarvan melding gemaak is, is Leonard Nkosi. -- Leonard Nkosi, ja.

Is hy die man wat vir die polisie gewerk het? -- Hy was 'n speurder sersant gewees in die Suid-Afrikaanse Polisie.

Is hy die man wat in een van die ander bewysstukke na verwys is as die man wat sy vorige kamerade ondervra vir (10) die polisie? -- Dit is korrek.

Dit is dieselfde man. Daar is ook melding gemaak van "Two known BOSS agents Lloyd Ndaba and Chapi." Hulle het wel vir die polisie gewerk? -- Soos die aanduiding daar is, dit is vir die Nasionale Intelligensiediens.

Hulle het vir BOSS gewerk? -- Ek weet nie of hulle vir hulle gewerk het nie, maar die aanduiding is so.

Dit is die rede wat hier gemeld is? -- Laat ek dit so stel. Ek weet hulle was lede van die ANC gewees. Ek weet hulle het teruggekom na die RSA, maar hulle het nie vir die(20) Suid-Afrikaanse Polisie gewerk nie.

Maar u aanvaar dat hulle BOSS "agents" was? -- Ek kan dit aanvaar.

Dit is die enigste name waarvan melding gemaak is, waarvan u weet. U sê daar was nie baie gevalle nie? -- Daar is verdere dokumentasie, maar ek het dit nie hier ingehandig nie. So, ek sal nie daarop ingaan nie.

Ek wil nie besonderhede van die name hê nie, maar het u baie vorige ANC lede gerehabiliteer? -- Ja.

Is daar honderde van hulle of duisende? -- Dit is minder(30) as 'n honderd.

... / Daar

Daar is iets wat ek ook aan u moet stel. ANC lede kom - ons praat nou van die mense wat terug na Suid-Afrika kom. Die ANC sal altyd bewus wees as daardie mense oorloop na die polisie toe, want hulle het geen verdere kontak met hulle nie? -- Dit is korrek in 'n mate. Die ANC, as hulle kontak verloor met 'n man in die RSA, dan neem hulle gewoonlik aan dat hy oorgestap het na ons toe of dat hy in 'n arrestasie is.

En hulle het 'n baie goeie idee van wie daardie mense is? -- Dit is korrek.

HOF : Wanneer u praat van 'n verhoor wat in camera gehou word of gehou moet word, bedoel u daarmee 'n verhoor waar die naam van die getuie nie by wyse van die pers geïdentifiseer mag word nie of bedoel u daarmee 'n verhoor ook waar die naam van die getuie hoegenaamd nie aan of die Hof of die advokate of enigiemand anders bekend gemaak word nie? -- Nee, ek het geen beswaar daarteen nie. Ek dink dit is die reg van die Hof om te weet wie die getuie is. Dit is die publikasie van die naam in die media hoofsaaklik en dan die teenwoordigheid van persone in die hof wat kan sien dat die man getuig, maar ek het geen beswaar dat die naam van die persoon aan die Hof bekendgemaak word nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

VOLTOOI GETUIENIS WAT STAAT AANBIED IN HIERDIE AANSOEK.

- - - - - - - - - - -

MNR. CHASKALSON VRA VIR 'N KORT VERDAGING TEN EINDE HULLE POSISIE TE OORWEEG.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

C17 COURT : Mr Chaskalson, are you presenting any evidence?

MR CHASKALSON : No. We will deal with the matter on the basis of argument.

... / MNR. JACOBS

MNR. JACOBS SPREEK HOF TOE : Edele, by hierdie aansoek van die Staat dat die getuienis in camera aangehoor word, dink ek dat ons kan dit as gemene saak beskou of ek reken so, dat die toetse wat vasgelê is, is (1) dit kom daarop neer dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat 'n getuie leed aangedoen word en dan kwalifiseer die gesag hierdie redelike moontlikheid tussen twee pole en dat die Hof dan 'n mediaan moet vind tussen die twee pole. Die pole wat dan daar gestel word is die redelike moontlikheid moet nie 'n vae en vergesogte moontlikheid wees nie en die ander pool is, die vereiste is (10) dit moet ook nie so hoog gestel word dat dit 'n waarskynlikheid moet wees nie. Tussen hierdie twee moet 'n mens 'n balans kry, soos ek die gesag verstaan en in hierdie verband, ek dink dit word so uiteengesit in die sake van S v MADLAWO AND OTHERS 1974 (4) SA 218 (E) op 222 F - G. Dit is gevolg in S v SEKETE AND OTHERS 1980 (1) SA 171 (N) op 172 F - G en dat hierdie, my submissie is dat hierdie toets is ook aanvaar in die saak van ACKERMANN, R. in S v LEPILE AND OTHERS, 'n ongerapporteerde saak van 98/85 (WLD). Dit is gelewer op 10 September 1985 op bladsy 5 waar dit bevestig word. Dit is my uitgangspunt,(20) dat hierdie mediaan tussen die twee pole waarop 'n basis gevind word, is. Dan is dit my betoog dat in S v LEPILE van ACKERMANN, R., soos ek dit verstaan, lyk dit asof, kom dit vir my voor dat hy 'n verdere vereiste stel en dit is dat daar 'n kousale verband moet wees tussen leed wat bedreig word vir 'n getuie wat in die hof getuienis moet gee. Nadat die regter 'n hele deel behandel het op bladsy 22, kom hy tot 'n gevolgtrekking in sy uitspraak. As ek dit in eleketaal moet uitspel, lyk dit vir my, dit kom my voor dat hierdie laaste vereiste, verstaan ek dan dat getuie, byvoorbeeld getuie A wat nou in (30) hierdie saak sal moet getuienis gee, moes bedreig gewees het.

... / Daar

Daar moes een of ander dreigement teen hom gewees het. In hierdie opsig reken ek dat hierdie saak te onderskei is van die andere, want dit is my respekvolle submissie, die vraag kan nou met reg gevra word of so 'n vereiste die toets wat ek reeds genoem het, wat hierbo gestel is gestand doen en wat ACKERMANN, R. self ook aanvaar het en of dit daar teen werk. Ek vra my dan self die vraag af, kom hierdie verdere vereiste wat gestel is, dan nie nou daarop neer dat nou 'n vereiste gestel word wat bots met die vereiste in die toets dat dit nie so hoog gestel moet word dat die leek 'n waarskynlikheid is (10) want my submissie, soos ek die hele aspek verstaan, kom daarop neer.Om te bewys dat 'n getuie werklik gedreig was wat getuienis in hierdie saak moet gee, word daar dan wel vereis dat 'n bewys gelewer moet word dat leed waarskynlik sal aangedoen word. Daar is dan 'n baie waarskynlikheid dat leed aangedoen word. So, my hele argument kom dan in hierdie onderskeiding wat ek in hierdie opsig bring, daarop neer dat ons gaan nou weer terug en sê dat daar nou nie 'n mediaan tussen die twee pole moet wees nie, maar dat die tweede been van die pool, om die kousale verband in te bring, soos in hierdie geval dat (20) daar direkte getuienis dat hierdie getuie in hierdie saak gedreig moet wees, dat dit die probleem dan skep. In die lig van hierdie argument wat ek so pas dan aanhaal, kan ek dit so stel dat ek verstaan waarom in die ander sake die toets aanvaar is en dat daar aanvaar is dat die getuienis van kolonel Stadler, wat dan die algemene <u>nexus</u> dan gee, aanvaar is in daardie gevalle en nie in hierdie geval nie. In al die sake is die algemene dreigement wat die ANC opper teenoor alle persone wat in sulke sake gebruik word, nie as "far fetched" beskou nie. Met ander woorde, dit het die mediaan gevorm.(30) Dit sien ons duidelik in die bevindinge van die howe in

... / S v

S v SEKETE, die saak - AND OTHERS - wat ek reeds aangehaal het op pagina 134 tot 174 - 173 - 174 en dan ook in MADLAWO se saak wat ek reeds aangehaal het op 222 F - G en MOTOPENG se saak - AND OTHERS - 1978 (4) SA. Daar is dit ook aanvaar dat daardie getuienis is nie "far fetched" nie, maar my submissie is in die saak van ACKERMANN, R. word dit gesê dit is "too remote". Dit is te ver verwyder. Daar is die mediaan dan verskuif na die tweede been toe. As ons hierdie argument van my toets, dan wat die praktiese gevolge is in ACKERMANN, R. se saak, dan kan dit soos volg na vore kom - as ek 'n praktiese voorbeeld miskien kan stel aan die Hof. Gestel dat getuie A was 'n lid van die ANC. Gestel ook hy is bereid om getuienis af te lê en te getuig. Veronderstel ook hy het nog nooit getuig in 'n hofsaak nie. Hy is dan alleen bereid om getuienis af te lê as hy beskerming kan geniet deurdat sy getuienis in camera geneem word, want hy is bewus van die ANC se verklaarde beleid oor sulke getuienis en getuies wat in sulke sake getuienis gee. As 'n mens dan nou aanvaar dat die ANC onder omstandighede nie bewus is dat die man wel gaan getuienis gee nie of dat hy wel oorgeloop het en dat hy 'n wegloper, 'n "deserter" is van die ANC, dan kan hulle hom tog nie dreig dat hy bedreig word omdat hy in hierdie saak getuienis gaan gee nie. As hhierdie kousale verband toets dan toegepas word, dat hy moes gedreig gewees het omdat hy in hierdie saak getuienis gee - ek noem nou maar hierdie saak as 'n voorbeeld as die saak waarin die voorbeeld geld en die saak waarin hy dan getuienis gee, dan kan dit nie geld nie, want hy was nog nie voorheen bedreig nie, behalwe vir daardie algemene bedreiging wat voorheen aanvaar was as die mediaan. Beteken dit dan nou dat so 'n getuie dan nie die beskerming van 'n hof kan verwag nie? In geen omstandighede nie. Vir die

... / eenvoudige

eenvoudige rede dat in die saak van ACKERMANN, R. word dit verwerp dat daar 'n algemene dreigement aanvaarbaar is. So, dit is die basis waarop ek dan sê dat ek hier 'n onderskeid probeer tref of probeer 'n ontleding maak tussen die vorige gesag en die vorige toets wat gemaak is en die toets wat in die huidige saak is, wat dit dan in die huidige saak - bring dit mee dat sekere persone sal dan nooit beskerming van die Hof kan geniet nie. As 'n mens in so 'n geval dink aan die gevalle dat die kousale verband moet so nou wees dat 'n mens moet bewys dat hy is spesifiek gedreig omdat hy in hierdie (10) spesifieke saak getuig. My submissie is dan dat 'n mens eerder toepassing sal verleen aan die vorige twee sake waar die toets aanvaar is van die mediaan tussen twee pole. Die argumente gaan wyd op dat die regspleging gedien moet word en dat dit in 'n ope hof moet geskied. Dit is die aanvaarde beginsel dat sake in die ope hof geskied, maar daar is die uitsonderings waarvoor daar in die artikel voorsiening gemaak word wanneer daar afgewyk kan word van die aanvaarde algemene beginsel. 'n Mens moet aanvaar dat ook 'n getuie is geregtig op die beskerming van die Hof en die getuie is in die besonder aangewese op (20) die Hof vir beskerming. Hy het nie ander plekke waar hy kan gaan vir beskerming nie. Dat die howe daar is om die getuies te beskerm word ook aanvaar en dat die regspleging ook geld ten gunste van 'n getuie en nie alleen ten gunste van 'n beskuldigde nie, is in SELEKE se saak aanvaar op 176 C. Die feit wat baie ter sprake gaan kom in hierdie aansoek, is die feit of 'n getuie net gedeeltelik - wanneer hy net gedeeltelik beskermingswaardig is en of hy beskerm moet word. My submissie dat die beginsel is ook al duidelik uitgestryk in die howe en aanvaar dat die feit dat 'n getuie slegs gedeeltelik beskerm (30) kan word, beteken nie dat die Hof daarom nie beskerming wat

... / wel

wel binne sy vermoë is, moet uitsluit nie. Ek verwys in hierdie verband na S v MOTOPENG AND OTHERS 1978 (4) SA 874 (T) op 876. Dan S v MOTOPENG (dit is die tweede saak) 1979 (2) SA 180 op 183 B - D en hierdie beginsel is ook weer bevestig in S v SEKETE EN ANDERE 1980 (1) SA 171 (N) op 175 G - E. Dit is tog belangrik dat as dit die enigste rede is omdat dit net gedeeltelike beskerming is of ken geniet, om te weier dat so 'n getuie beskerm word. Dan is daardie getuie sonder hulp, soos ek reeds gesê het, want die instansie wat hom kan help is die Hof. So 'n persoon is tog, ek wil graag 'n paar voorbeelde (10) noem, waar dit tog van betekenis kan wees dat hy gedeeltelik beskerm word. So 'n getuie is nie algemeen bekend nie en nou kan 'n lid van die gehoor hom identifiseer en die inligting oor sy huidige bewegings kan oorgedra word. Dit kan 'n Hof help verhoed. Dit mag wees dat die ANC se mense na so 'n persoon soek en nie weet waar om hom op die oomblik te kry nie en 'n goeie plek om te hoor waar mense is wat getuienis gee teen of in politieke sake is juis in politieke verhore. As hulle dan sulke verhore bywoon kan hulle hom sien en hom so identifiseer, want dan identifiseer hy hom eintlik uit sy eie mond uit (20) daar. In hierdie verband wil ek dan ook net verwys dat Eric het daardie selfde getuienis gegee dat dit 'n proses is terwyl hy nog in die ANC geledere was dat hofsake is plekke waar mense geïdentifiseer word, maar die regspleging vereis ook dat 'n getuie sy getuienis moet gee en subjektief gesien, is so 'n getuie self subjektief bang en sy subjektiewe gevoelens behoort ook in ag geneem te word en dit is beskerming wat die Hof hom kan verleen, want die vrees bestaan subjektief dat hy identifiseer kan word en dat hy leed aangedoen kan word. 'n Ander moontlikheid is outomaties is die risiko groter dat hy (30) identifiseer kan word, want as 'n hofsaal vol mense sit, is die

... / geleentheid

geleentheid dat hy fisies geïdentifiseer word baie groter as in 'n in camera verhoor. Hierby uitgebrei dan verder, niemand weet wie is die mense wat in 'n hofsaal sit nie en die feit dat 'n getuie dit weet en onder die publiek kan sulke mense wees, maak hom onwillig om te getuig en dit maak ook vir homself die vrees groter dat 'n onbekende persoon wat in die hof was, hom later kan konfronteer. Dit het ook uitgekom in Eric se eie getuienis waar hy gesê het hy wil 'n man van voor af sien, hy weet nie wie in die hof is en wat hom van agter af nader nie. Dit is 'n wesenlike vrees. Dit is dan ook my submis- (10) sie dat vir die behoorlike administrasie van die reg in die beregting van sake nodig is dat getuies hulle getuienis moet aflê en die feit dat dit in camera afgelê word, gaan nie 'n moontlikheid vergroot dat persone leuens vertel nie, want daar is - hulle word onderwerp aan streng kruisondervraging. Daar is vrywarings. Dit is nie 'n kwessie dat daar in geheim word daar nou geknoei en allerhande dinge gedoen nie, maar daar word in 'n hof gekyk dat reg en geregtigheid geskied. Die beginsel dat dit vir die behoorlike beregting van die saak nodig is dat getuies hulle getuienis moet aflê, was (20) ook al bevestig in S v SEGWALA 1978 (3) SA 427 (T) op 428 H tot 429 C en dan S v SEKETE, reeds aangehaalde saak op pagina 175 F tot 176 A. 'n Ander moontlikheid wat ook - 'n beginsel wat ook al oorweeg was, is dat die aard van die aanklagtes - in hierdie saak is die akte van beskuldiging lywig. Dit is hoogverraad, terrorisme en in al hierdie aktiwiteite het mense hulle lewens verloor en ek dink vir jurisdiksionele feite kan die Hof ook hier geregtelike kennis neem dat op 'n landswye basis het daar oproer plaasgevind en dat toestande in die woonbuurtes uiters gevaarlik is waar gedurig mense om die (30) lewe gebring was, soos hulle sê hulle het 'n "necklace" gekry.

... / Baie

Baie is wreed vermoor en aan die brand gesteek omdat hulle sogenaamde "sell-outs" is. In elk geval dat die aard van die aanklagtes word dan ook in S v SEKETE op pagina 175 B - is die beginsel aanvaar. Dit is eintlik 'n algemene beginsel, as ons na die omringende omstandighede kyk wat die aanklagtes insluit. 'n Verdere aspek in hierdie verband, wat die Hof kennis van kan neem en wat in beginsel ook in die ander sake aanvaar is, is die oorheersende klimaat en omstandighede wat in die woonbuurtes heers waar hierdie mense woon. As ons ons in die getuie se skoene kan plaas vir argumentsonthalwe, (10) dan moet ons onthou dat as hy hier weggaan gaan hy na 'n woonbuurt toe waar daar algemene vyandige gesindheid is teen enigiets wat met die Regering te doen het. In elk geval, hierdie beginsel is vasgelê ook in S v SEKETE op pagina 176 en is gevolg in die saak van S v MADLAWO EN ANDERE, die saak reeds aangehaal op bladsy 225. Ek het, om tyd te spaar en gesien ook al die gesag wat ons hier gehad het, het ek nie die passasies uitgelees nie, maar ek het hulle spesifiek vir die Hof genoem omdat die Hof, ek het nou maar 'n aanvaarding gedoen, het self alreeds daardie of meeste van hulle gelees. Ek (20) wil tyd spaar daarmee om nie elke passasie uit te lees nie, maar ek het probeer om vir u hierdie passasies in die gesag, waarop ek steun, dan duidelik uit te bring. Dit kon miskien meer impak gehad het, as ek dit sou uitgelees het in die hof, maar ek dink dit is so algemeen die beginsels, dat dit nie nodig was dat ek dit uitgelees het nie. Dan op 'n tweede - op die reg het ek probeer om vir die Hof 'n onderskeid te gee tussen die saak van ACKERMANN, R. wat ek in sien met die ander oor die toets. 'n Tweede onderskeid wat ek wil maak gaan eintlik oor feitlike aspekte. Ek reken dat op die feitlike aspekte (30) kan ons die volgende onderskeid maak dat in die saak van

... / ACKERMANN

ACKERMANN, R. het hy net getuienis gehad oor die breë algemene vrese van getuies, soos deur die polisiebeampte getuig wat soortgelyk was aan die van Buchner in ons saak. Ons saak kan onderskei word van daardie saak, dat ons het die algemene en ook dan die besondere. Oor die algemene het kolonel Buchner getuig van wat die houding van die ANC is in die algemeen. Dan in die besondere het kolonel Buchner ook getuig dat hy het in die besonder kontak gehad met die getuies wat in hierdie saak geroep kan word en dat daardie drie getuies onwillig is om te getuig en werklike vrees het om te getuig, subjektiewe(10) vrees. In hierdie verband het ons dan ook Eric, wie een van die getuies is wat gaan getuig, wat direk sê dat hy is bevrees en hy sien nie sy weg oop om te getuig as hy nie beskerming kan geniet nie. In die besonder het ons in hierdie saak ook getuienis van getuies wat reeds verdwyn het. Ons het in hierdie saak getuienis van 'n getuie wat reeds dood is, wie se huis aan die brand gesteek het oor sy verbondenheid aan COSAS. Ons het in die besonder in hierdie saak die geval dat hier het ons te make met 'n sameswering tussen die ANC en UDF. Die ANC is in die buiteland, dit is 'n onwettige organisasie, (20) hulle erken nie die bestaande Regering of die howe nie, en word beskou as alles is onwettig en weens die feit dat dit onwettig en in die buiteland is, is daar geen manier om <u>viva voce</u> getuienis te kry en voor 'n hof te lê oor die ANC se bedrywighede vanaf die buiteland nie, behalwe deur middel van die getuienis van die mense wat beskerming van die Hof gevra het, ex-terroriste. Dan om weer terug te kom na wat ek netnou gesê het dat die regspleging moet gedien word, nie alleen deur die ope hofverrigtinge nie, maar ook deur getuies te beskerm, want hoe kan reg geskied as getuies nie aangemoedig word nie. (30) Dit is ook tog 'n beginsel van die reg dat getuies moet aangemoedig

... / word

word om hulle getuienis te lewer voor howe. My submissie aan u is dat die getuienis wat die Staat aangebied het, toon dan die besondere as 'n mens dan gaan na die kousale vereiste van ACKERMANN, R. dat ook in hierdie geval daar 'n kousale verband is tussen dreigemente van leed en die werklike vrees vir leed wat daar bestaan. So, my submissie dan aan u is, dat in hierdie omstandighede is daar 'n wesenlike gevaar dat hierdie getuies vrees vir hulle lewe. Daar is 'n wesenlike gevaar dat getuies geïntimideer word of gekry word om te verdwyn of in lewensgevaar verkeer. Dit is nou oor die getuienis van (10) die raadslede. Ons het ander getuies. Daar is ook mense wat aangehou word onder artikel 31 op hierdie saak. Die Staat gaan vra dat hulle getuienis in hoofverhoor en kruisondervraging in camera sal wees.

HOF : Ek wil net duidelikheid kry, mnr. Jacobs, watter klasse getuies het u? U het getuies, soos ek nou al gehoor het, wat voormalige lede was van die ANC en nou kom getuig.

MNR. JACOBS : Dit neem ek as een klas.

HOF : 'n Ander klas sal wees getuies wat in aanhouding is, maar nie noodwendig lede van die ANC was nie? (20)

MNR. JACOBS : Ja. Laat ek dit vir die Hof so stel, getuies in aanhouding wat deel is van die aktiwiteite van die UDF, wat daarop sal neerkom dat hulle gewaarsku moet word dat hulle medepligtiges was, medepligtige getuies. Daar is 'n ander klompie getuies van mense wat werklik 'n vrees het en wat uit die gebiede uitgevlug het, die ex-raadslede. Dit is 'n derde klas wat so bang is dat hulle sal ook nie wil getuig nie, omdat hulle werklike vrees het vir hulle familie en vir hulle self. Ek moet die Hof ook dan meedeel dat in konsultasies met van die getuies wat medepligtig is wat ek sover gehad het, (30) is daar van hulle wat botweg weier om te getuig as hulle nie

... / beskerming

beskerming van die Hof kry nie en dit is wesenlike belangrike getuies.

HOF : Daar is seker nog 'n vierde klas en dit is gewone getuies?

MNR. JACOBS : Ja.

HOF : Ek hoor daar is ook van hulle in hierdie saak.

MNR. JACOBS : Op die oomblik het ek nog die gewone ooggetuie wat 'n ding sien en wat nie deel gehad het nie en is nogal bereid om te getuig. Dit is wat ons sal probeer om die ander getuies te bring. Daar mag van hulle wees, maar u kan verstaan in die omstandighede hulle is baie en hulle is lands- (10) wyd. Ons kan eers met hulle konsulteer as hulle hier kom.

HOF: Nou wil ek van u weet wat vra u ten aansien van elke klas? Vra u nou, is u aansoek nou gerig net ten aansien van die drie oud-ANC lede waarvan ek weet? Ek wil weet waaroor moet ek beslis? Of gaan ons dit behandel soos dit voorkom? Ek wil nie graag elke keer 'n betoog hê oor hierdie saak nie.

MNR. JACOBS : Ek wil net graag probeer en ek weet nie hoe om dit werklik eintlik te doen nie, om argumente uit te skakel. Daar is die een geval, die een besliste saak, waar HEFER, R. gesê het maar elke keer agterna dan moet ek eers gesê word.(20) Daar kan probleme ontstaan en dan moet 'n mens elke keer en ek wil ook nie graag dat die verhoor moet so uitgerek word dat elkeen van die getuies - dat die getuies kom en dan moet ek elke keer 'n nuwe aansoek bring nie. Dan sal ons oneindig tyd mors. U kan verstaan ek sit met 'n groot probleem. Getuies kom landswyd en elke keer om getuies te kan kry wat spesifiek op daardie geval getuig, dan moet 'n mens elke keer - miskien 'n verhoor-binne-'n-verhoor word. Daarom het ek hierdie getuienis en u sal sien hier is getuienis van die mense wat geïntimideer is in die Vaal en mense wat anderkant is. So, (30) my aansoek is ... (Hof kom tussenbei)

... / HOF

HOF : Wil u hê dat ek die saak hanteer op die basis dat ek beslis nou wat betref die oud-ANC lid of lede en dat ek 'n oop bevel maak wat betref ander getuies, dat u verdere feite voor my plaas of nie voor my plaas nie, ek dit dan aan die hand van die beslissing wat ek hier gee beslis. Kyk, hierdie getuies is nie weer terug geroep te word wat ons klaar gehoor het nie.

MNR. JACOBS : My aansoek dan by die Hof is, ek doen aansoek dan dat die Hof vir my 'n bevel sal maak dat die bevel wat u gee, indien u sal sê dat dit in camera geskied, dat dit dan geld vir al hierdie vier klasse van getuies waar getuies werklik by my aansoek doen dat hulle hulle getuienis in camera gee. Dan kan ek die Hof meedeel dat daardie getuies dit versoek.

HOF: Ek kan nie die bevel nou maak dat dit in al die gevalle geld nie, behalwe as ek die feite voor my het van die besondere gevalle en die besondere feite het u ook nie, want u het nog nie met die mense gekonsulteer nie.

MNR. JACOBS : Dit is reg. Die artikel 31 aangehoudenes met wie ek gekonsulteer het, is almal huiwerig en almal wil die beskerming van die Hof hê. Hulle het sover gegaan om te sê hulle weier as hulle nie beskerming van die Hof kry nie.

HOF : Wat verstaan u onder die beskerming van die Hof presies? Presies wat se soort bevel soek u?

MNR. JACOBS : Hulle versoek uitdruklik aan my was gewees ...

(Hof kom tussenbei)

HOF : Afgesien nou van daardie, vir almal, wat wil u hê, hoe sê u moet die bevel lui?

MNR. JACOBS : Dat hulle hulle getuienis in camera gee.

HOF : Dit wil sê dat alle persone wat nie direk betrokke is by die hofsaak nie, die saal verlaat?

... / MNR. JACOBS

MNR. JACOBS : Ekskuus tog, ek het nie mooi gehoor nie?

HOF : Dat alle persone wat nie direk in amptelike hoedanigheid hier is nie, behalwe die beskuldigdes en hulle regsverteenwoordigers die saal verlaat?

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : En nog?

MNR. JACOBS : Dat hulle identiteit dan nie geopenbaar word nie.

HOF : Identiteit nie openbaar word aan wie nie?

MNR. JACOBS : Indien die pers enige berigte ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wil u hê die pers moet toegelaat word of nie toegelaat word nie?

MNR. JACOBS : As die Hof 'n bevel maak dat die pers nie toegelaat word nie, dan dink ek het hulle nog toegang tot die oorkonde. Dit is 'n publieke dokument. As die pers dan onderneem om nie ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek wil weet of u nie daarmee akkoord gaan dat die pers toegelaat word onder sekere beperkings nie of wil u hê dat die pers glad nie toegelaat word nie?

MNR.JACOBS : Die pers kan toegelaat word onder sekere beperkings.

HOF : Wat is die beperkings?

MNR. JACOBS : Dat hulle niks publiseer wat die identiteit van 'n getuie kan openbaar nie, die name, adresse. Dan die ander aspek is dan getuienis - 'n deel van getuienis waaruit hulle identiteit vanselfsprekend na vore kom.

HOF : Wat betref die identiteit van die getuie, wat sê u daarvan?

MNR. JACOBS : Watter getuie?

HOF : Moet getuies hulle korrekte name hier gee? Wat is u submissie daar?

... / MNR. JACOBS

MNR. JACOBS : Ek het nie daaraan gedink nie.

HOF : Moet 'n getuie mnr. X wees of moet 'n getuie mnr. Eric Maleka wees?

MNR. JACOBS : Kan die Hof my net 'n oomblik gee. Ek het nie op daardie aspek so ingegaan nie. Ons het die getuienis van kolonel Buchner dat die getuies se name in die hof geopenbaar kan word, maar dit moet net nie gepubliseer word nie. Ek dink dit sal voldoende wees as die Hof 'n bevel maak dat die getuies se name nie gepubliseer word buitekant nie. In die hof kan hulle verskyn onder hulle name. Dit is al. (10)

- - - - - - - - - -

... / MR CHASKALSON

MR CHASKALSON ADDRESSES COURT: My Lord the matter arose because a particular witness My Learned Friend indicated he intended calling, he mentioned his name and he asked that the witness' evidence be given in camera. Now My Learned Friend is now asking you a lot more than that. He is suggesting not only that the named witness but really any witness who tells him that he would like to give evidence in camera should be allowed to give evidence in camera and the result of that is to suggest that for practical purposes the real trial should take place in camera. Now our submission to Your Lordship (10) is that that is so far reaching an application that Your Lordship would not make an order now which would have that effect but will deal with each witness, or each class of witness, as and when the occasion arises. We have here two people whom in my respectful submission it would be appropriate for Your Lordship to deal with now. There is the man who was identified as Lungile Tom Ndlovu who we have not seen, and we have another man Eric Maluleke who actually has given evidence and says that he is going to, that he is required as a witness later. So we know about those two persons. We know that (20) Ndlovu was a former ANC person, we know that Maluleke was a former ANC person, we have been informed of the circumstances of Maluleke by himself, we know little about Ndlovu other than the name which My Learned Friend mentioned to us. And I would suggest to Your Lordship that Your Lordship is not really able to make an order in regard to any other witness. It may be that the principles which Your Lordship lays down in relation to the facts which have arisen will guide the parties later in the case but we would object at this stage to any order being made other than in regard to the two persons about whom we (30) have been specifically informed, and would ask that those two

persons/.....

persons be dealt with in relation to the facts as applicable to them. That indeed is what ACKERMANN, J. did in the LITSILE case and that is what HEFER, J. did in the SEKETE case and in this sort of trial it seems the appropriate approach to be adopted. Your Lordship will find in the SEKETE case at page 176D-F that that was the approach of HEFER, J. That is a judgment reported in 1980 (1) SA. Now I am going to come back to this because it is our submission that in each instance one is partly a question of fact and partly a question of law and the facts which are relevant to witness A are not necessarily relevant to witness B, and that we need to be informed on each occasion about the relevant facts. The starting point of the enquiry is, in our submission, the provisions of Section 152 of the Criminal Procedure Act which provides the ordinary rule that a trial is to take place in open court. And then the exceptions appear. Now the exception relied upon by the State is the exception contained in Section 153 and the terms of the section really guide Your Lordship. The application has been made under Section 153(2) and that section provides that if it appears to any Court at criminal proceedings that there is a likelihood that harm might result to any person other than the accused if he testifies at such proceedings the Court may direct (a) that such person shall testify behind closed doors and that no person shall be present when such evidence is given unless his presence is necessary in connection with such proceedings, or is authorised by the Court. So Your Lordship has a discretion to authorise persons in court beyond necessity, anybody whom Your Lordship permits to be in the court at that time. The second sub-provision is that the identity of the person shall not be revealed or that it shall not be revealed for a period specified by the Court.

Now/.....

Now there are really then two separate questions. The first question is has it been shown that there is a likelihood that harm might result to a particular person as a result of giving evidence in open court. I shall come back to that second requirement because it is there that, with all due respect to My Learned Friend, he seems to have misunderstood the judgment of ACKERMANN, J. And the second point is whether the facts and circumstances are such that Your Lordship should exercise the discretion. In other words a discretion is conferred upon the Court if certain jurisdictional facts are satisfied. (10) Those jurisdictional facts are the facts referred to in sub-paragraph (2). Those have to be established by the State in regard to the individual concerned. If the State establishes those facts then and only then does Your Lordship have the discretion. Otherwise the ordinary rule of open court hearings applies, and I am talking here in regard to applications under 153(2). There are other provisions under the statute which permit the closure of the court, acts of indecency and generally other, sub-section 153(1) also provides a discretion that it could be in the interests of the security of the State or (20) of good order or of public morals or the administration of justice that such proceedings be held behind closed doors, it may direct. Once again it is a factual state which has to be established, then the discretion arises. So the submission we make to Your Lordship is first that it is for the State to determine in each circumstance in respect of each witness that the factual state exists which gives Your Lordship a discretion and secondly to establish in respect of each witness that the circumstances pertaining to that witness are such that it will be proper for the discretion to be exercised. (30) That is why we suggest to Your Lordship that it would not be

appropriate/.....

appropriate to make a blanket order in all cases. The discretion is a discretion given to the Court, it is not a discretion given to the witness, nor is it a discretion given to the State. So the mere fact that the witness asks to give evidence in camera, the mere fact that the State asks that the witness gives his or her evidence in camera is not adequate. It is only if the Court is satisfied in the circumstances pertaining to that witness that the discretion should be exercised and can be exercised that the order can be made. Now if I could turn to the argument, turn to the judgment in S v LIPELE because it is the latest case and it contains a full review of ACKERMANN, J. of all the earlier decisions, and our submission immediately to Your Lordship is that the approach adopted by ACKERMANN, J. is correct and correct for the reasons given by ACKERMANN, J. We support every one of the reasons advanced by His Lordship in that case, and indeed I do not intend to read the full judgment to Your Lordship, Your Lordship will have read it. There are going to be passages to which I will draw attention. But the whole judgment is in our submission convincing, correct and should give guidance to Your Lordship as to how to deal with the particular problems which have arisen here. If I could immediately deal with what I suggest may possibly be a misunderstanding by My Learned Friend of the judgment of ACKERMANN, J. My Learned Friend says that there is a conflict in the judgment, that at page 5 ACKERMANN, J., after referring to the various cases dealing with expressions such as possibility or reasonable possibility and different combinations of those words refers to the SEKETE case and says that, and quotes a passage from CLOETE, J.'s judgment in that case that the harm to any person who testifies must be a reasonable

possibility/.....

possibility and not a remote far-fetched or fantastic one, and then goes on to say that the requirements should not be set so highly that a probability must exist that harm will result and he says that that construction had been adopted in SEKETE's case and had been accepted as correct by counsel on both sides, and he said it seemed to him to be a sensible construction as the juxtaposition of the words "likelihood" and "might result" really require some sort of flexibility such as that and he said that that is an approach he is going to follow. I am going to come back to that approach just now (10) in a different context to suggest that it can be refined still further and perhaps a slightly more precise formulation of the test can be determined. But the passage which My Learned Friend suggests may be in conflict with that is really derived I think from what appears on the next page, page 6:

> "Mr Farlem also emphasised, correctly in my view, that there must be a causal link between the act of testifying and the harm to the witness which is envisaged before the jurisdictional facts are established."

Now there is in our submission really no conflict between (20) the two passages. I think all that ACKERMANN, J. is stressing is that the harm must result, and must be shown to result, from the act of testifying in open court. And it is clear if one looks at his judgment later that where he deals with the people who have been killed by the ANC, to examine whether their deaths were the result of their having testified in open court or whether their deaths, does Your Lordship, I have assumed Your Lordship has a copy of ACKERMANN, J.'s judgment.

COURT: Yes I have it here.

MR CHASKALSON: Yes. Otherwise I can hand one up. And he (30) looks very carefully, and he shows that, and indeed I am going

to/.....

to go through the evidence here today, I hope I will be able to show Your Lordship the same on the evidence which has been produced here, that the threat does not come from the mere act of testifying in open court, it comes from other factors. I will have to look at the evidence which has been put to Your Lordship but the test is will the fact that this, if there is a risk, is it a risk which comes from, put simply, from the fact that the man is a defector or is the risk because he has testified in open court? And that is really, I suggest as far as the ANC people are ... (10)

COURT: And if the risk is increased by his exposing himself in court?

MR CHASKALSON: That would be a factor which Your Lordship would take into account and Your Lordship would have regard to that in relation to all the other facts. It would clearly be relevant if Your Lordship is satisfied on the particular facts of a particular witness that to testify in open court would increase the risk. Your Lordship would take that into account and would weigh it in the scales in deciding how to exercise your discretion, that it would be a factor. And there (20) could be cases in which that would be relevant. But could I come back to the test because I think that there is an indication in the judgment of CLOETE, J. as to what might possibly be a slightly more precise test than the somewhat loose test which has been put forward. His Lordship formulated his test about the requirement not being set so highly that a probability must exist but it must not be too remote so as to be farfetched, after having quoted at page 222 from a judgment of GREENFIELD, A.J.A. which was given in the old Rhodesian Appellate Division, and the language there used by GREENFIELD, A.J.A. (30) may possibly offer some guidance. It was put in these terms:

"It/.....

"It seems to me that the mischief aimed at in the statute we are here considering is an appreciable or reasonable risk."

And I would suggest that what the Legislature has in mind in Section 153 is an appreciable risk. In other words for the jurisdictional facts which would lead Your Lordship to, which would give Your Lordship the discretion there should be an appreciable risk. There is a likelihood that harm might result, not that there is a likelihood that harm will result but there must be a likelihood, and "appreciable" might be slightly more precise formulation than the somewhat loose suggestion that it does not need to be a probability and that clearly it should not be so remote as to be far-fetched, somewhere in between with our dealing with it. I would suggest that "appreciable risk" actually covers the language of a likelihood that something might happen. Now it follows that the element of causality is there as ACKERMANN, J., in our submission, rightly held in LITSILE case because a likelihood must result from the giving of the evidence and it is only there, you have got to look there to see whether the likelihood of harm is attributable to the giving of evidence before the jurisdictional fact is satisfied. So if I could give Your Lordship an example. We have been told by Colonel Buchner of the list of people who are on the ANC hit list. Now I am going to come back to it again in a slightly different context but for the moment just for the purpose of illustrating the submission to Your Lordship I think there were six or seven people in the exhibit which was IC5. Each one of those persons was identified as a target for the ANC, each one of them had gone over to working for the police. Some of them had given evidence in camera, others of them had not

given/.....

given evidence at all and I would like to suggest to Your Lordship that in the case of those seven persons, if any one of those seven persons came to court to give evidence the likelihood of the harm coming to such persons, or likelihood of harm coming to such persons, would not be attributable to such person giving evidence in open court. It is there, they are people who are being looked for, they are people who are endangered already and if the additional evidence were to show that their whereabouts were actually known and that they moved about openly then there could be no reason why such persons should not give evidence in the ordinary way in open court. Because though there might be a likelihood of harm that likelihood was there and it existed before the giving of evidence and the giving of evidence in open court did not in any way

